BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Woensdag, 11 Maart 1942. WINDHOEK Wednesday, 11th March, 1942. No. 947

Die volgende Ontwerpordonnansie wat gedurende die Derde Sessie van die Vierde Wetgewende Vergadering voorgelê sal word, word vir algemene inligting gepubliseer.

P. R. BOTHA,
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Administrateurskantoor,
Windhoek.

Bladsy.

Wysigingsordonnansie op Paaie en Uitspanplekke 1942 . 3893

The following Draft Ordinance which will be introduced during the Third Session of the Fourth Legislative Assembly is published for general information.

P. R. BOTHA,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

Page

Roads and Outspans Amendment Ordinance, 1942 . . 3893

# ONTWERPORDONNANSIE

Om die wet met betrekking tot die aanlê, instandhouding en beheer van paaie te wysig.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking "die Hoofordonnansie" die Ordonnansie op Paaie en Uitspanplekke 1937 (Ordonnansie No. 7 van 1937).

2. Artikel *sewe-en-twintig* van die Hoofordonnansie word hiermee gewysig deur subartikels (1) en (2) daarvan te skrap en hulle deur die volgende nuwe subartikels te vervang:—

"(1) Die Administrateur kan bywyse van kennisgewing in die *Offisiële Koerant* gepubliseer en, indien hy 'n ondersoek nodig of wenslik ag, na die hou van sodanige ondersoek wat hy mag gelas, die kortste afstand van omheining tot pad vasstel wat in ag geneem moet word op enige besondere plaas of gedeelte van 'n plaas, waar so 'n omheining grens aan 'n publieke pad aan weerskante van sodanige pad; en waar meer as een publieke pad oor sodanige plaas of gedeelte van 'n plaas loop, kan verskillende afstande van die omheinings wat aan sodanige paaie grens, bepaal word, mits hierdie kortste afstand nie meer as vyf-en-twintig meters is nie. Dit sal onwettig wees om enige omheining nader aan die kant van so 'n publieke pad op te rig as wat kragtens bedoelde kennisgewing toegelaat word.

(2) By afwesigheid van 'n kennisgewing ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1), is dit nie wettig om enige omheining nader as vyf-en-twintig meters aan die kant van 'n publieke pad op te rig nie."

3. Nieteenstaande teenoorgestelde bepalings in enige wet bevat, is dit onwettig vir iemand om 'n voertuig met staal- of soliede wielbande op 'n hoofpad op of na die eerste dag van April 1945 te drywe of te gebruik.

Iemand wat hierdie artikel oortree, is, by skuldigbevinding, onderhewig aan die strawwe in artikel *drie-en-veertig* van die Hoofordonnansie voorgeskrywe.

4. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Wysigingsordonnansie op Paaie en Uitspanplekke 1942.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to the construction, maintenance and control of roads.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression "the principal Ordinance" shall mean the Roads and Outspans Ordinance, 1937 (Ordinance No. 7 of 1937).

2. Section *twenty-seven* of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of sub-sections (1) and (2) thereof and the substitution therefor of the following new sub-sections:—

"(1) The Administrator may by notice published in the *Gazette*, and, if he shall consider an enquiry necessary or desirable, after the holding of such enquiry as he may direct, determine the minimum distance from fence to road that shall be observed on any particular farm or portion of a farm, where such fence adjoins a public road on either side of such road; and where more public roads than one pass over such farm or portion of farm, different distances may be fixed in respect of the fences adjoining such roads provided that this minimum distance shall not be more than twenty-five metres. It shall not be lawful to erect any fence nearer to the edge of such public road than is allowable in terms of the said notice.

(2) In the absence of a notice under the provisions of sub-section (1), it shall not be lawful to erect any fence nearer than twenty-five metres to the edge of any public road."

3. Notwithstanding anything to the contrary in any law contained it shall be unlawful for any person to drive or use a vehicle with steel or solid tyres upon a main road on or after the first day of April, 1945.

Any person contravening this section shall on conviction be liable to the penalties prescribed in section *forty-three* of the principal Ordinance.

4. This Ordinance may be cited for all purposes as the Roads and Outspans Amendment Ordinance, 1942.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by John Meinert Ltd., Windhoek